# PASTORALE BRIEF

# NOVEMBER 2023

## ALTYD DANKBAAR!

“Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.”
1 Tessalonisense 5:16-18.

Jy ken mos die ou storietjie van die Christen wat nat gesweet wakker geword het na ‘n vreeslike nagmerrie. Hy het gedroom dat die Here alles van hom weggevat het, behalwe vir die paar goedjies waarvoor hy die vorige aand dankie gesê het...

Natuurlik weet ons dit sal nie sommer gebeur nie – die Here werk genadiglik nie so met ons nie. Maar so op ‘n tong-in-die-kies manier help daardie storietjie my tog om te verstaan hoe effentjies my dankbaarheid teenoor die Here regtig is. Dalk is dit nou ‘n goeie tyd om ‘n tydjie daarvoor opsy te sit en jouself te vra: Waaroor is ek regtig dankbaar? Wat gee die Here alles vir my sommer so onverdiend en dikwels onverwags, wat meeste van die tyd sommer by my verbygaan?

Ek gaan nie jou vra om jou seëninge te tel nie – nie een van ons kan so ver tel nie. Maar hou bietjie op konsentreer op alles wat nie is soos jy dit hê nie, en maak ‘n lysie van dit waaroor jy dankbaar is – *en sê dit vir die Here!*

Dankbaarheid gaan saam met gebed – met ‘n lewe in afhanklikheid van die Here, wat elke dag vir ons sorg en ons seën. Dalk is dit waar die fout eintlik lê. ‘n Biddelose Christen is vir seker nie “onder alle omstandighede dankbaar” nie. Raak stil, stel jouself in op die Here, en raak oorweldig deur dankbaarheid!